# LIZEL HUGO

**Datum:** **31 Maart 2010**
**Plek:** **Bloemfontein**
**Vraagsteller (V):** **Lize-Marie van der Watt | Departement Geskiedenis, Stellenbosch Universiteit**
**Antwoordsteller (A):** **Lizel Hugo | Entomoloog | Marion 58 | 2001**

**V:** Nou vertel maar eers hoe het dit gekom dat jy Marion-eiland toe is?

**A:** Ag, ek het 'n advertensie gesien vir 'n Doktorsgraad, om 'n Doktersgraad daar te gaan doen, en toe't ek maar net aansoek gedoen daarvoor; eendag aansoek gedoen daarvoor en die volgende dag toe bel sy my, Melodie McGeogh.

**V:** O, oukei.

**A:** Ja, sy was my supervisor. En toe gaan ek vir die onderhoud en toe word ek gekies.

**V:** Is dit?

**A:** Daar was nie eintlik veel aansoeke nie, om die waarheid te sê.

**V:** Het jy 'n M(Sc) gehad?

**A:** Ja, in entomologie.

**V:** En het jy dit hier gedoen, of waar?

**A:** Ja, by Kovsies (Universiteit van die Vrystaat).

**V:** En toe's jy nou Stellenbosch toe.

**A:** Toe's ek Stellenbosch toe; ja.

**V:** Nou waaroor moes jou Doktorsgraad gaan? Wat was die *brief* gewees van Melodie?

**A:** Dit was maar basies oor myte en springsterte, *Collembola*, en *Azorella selago* – dis so 'n *cushion plant*.

**V:** Maar het hulle in die advertensie vooraf gesê dis 'n Marion-eiland ... ?

**A:** Ja. Ja, en jy gaan 'n jaar daar moet spandeer en dan hierdie ekologiese navorsing doen.

**V:** So hoeveel navorsing het jy al gedoen voor hulle jou afgestuur het vir 'n jaar?

**A:** So ek het net my M(Sc) klaargemaak en toe kry ek die advertensie vir 'n PhD, en toe gaan ek.

**V:** So jy't darem al die *proposal* en die goed klaar gehad?

**A:** Nee, niks nie!

**V:** So jy't net 'n jaar gaan navorsing doen?

**A:** Ja. Maar kyk, toe ... Melodie het natuurlik toe klaar haar *proposal* geskryf en als so aan, so ek is basies maar net aanvaar.

**V:** Was dit pre-C·I·B tyd?

**A:** Ja, hulle was nog by Pretoria Universiteit. En terwyl hulle daar was, het hulle afgeskuif Stellenbosch toe.

**V:** Oukei. So waar't jy jou graad toe gekry?

**A:** Stellenbosch.

**V:** Onder die *Centre for Invasion Biology* (CIB)?

**A:** Nee, eintlik het ek dit gekry in *Forrestry – Cultivation Ecology and* ...

**V:** *Forrestry*?

**A:** Ja.

**V:** Oukei!

**A:** Ja. Melody was mos eers daar; sy was eers by ... En Steven was my *co-supervisor*. En ek dink nog nie dit was die CIB toe nie.

**V:** Ja.

**A:** Ek weet nie hoe lank is die CIB ... Ek dink dit was bietjie voor dit, of net die begin.

**V:** Ja, net die begintye daarvan.

**A:** Ja.

**V:** Jy's toe nou ingesluit, skat ek, as 'n veldassistent ... Het húlle jou betaal? Het die Departement Omgewingsake jou betaal?

**A:** Departement Omgewingsake het my betaal, vir 'n jaar; daai jaar. En toe het ek ... En toe't hulle vir my 'n beurs gegee vir nog 3 jaar.

**V:** Omgewingsake? Of ...

**A:** Omgewingsake, ja.

**V:** O, oukei.

**A:** Ja. Toe's dit Departement van Toerisme en Omgewingsake ...

**V:** ... gewees; o. Wie was die Hoof *Director* gewees van Antarktika en Eilande; kan jy onthou?

**A:** Henry Valentine.

**V:** O, was dit al Henry Valentine toe?

**A:** Ja.

**V:** Nou as span, hoeveel was julle in die span gewees?

**A:** Ons was 12; 6 meisies en 6 ouens.

**V:** O, so dit was heel gelykop gewees?

**A:** Ja, goed gelykop.

**V:** En as spanvoorbereiding, wat het julle gedoen?

**A:** Kyk, ons het mos gegaan vir die *team training* in Pretoria, toe ons gegaan het vir die kooklesse en vir die brandblusser ... brandweerlesse en die ...

**V:** Voor hulle julle nou nog gestuur het, het hulle eers mediese toetse en sielkundige toetse gedoen?

**A:** Ja, toe ek gegaan het vir my onderhoud, toe ... Toe ek daar aankom vir die onderhoud, toe stuur hulle my sommer dadelik vir die mediese toetse; sommer alles op dieselfde dag.

**V:** En sielkundige toetse, het julle dit gehad?

**A:** Weet jy, ek kan nie onthou nie ... Ek dink daar was dalk 'n vraelys of ietsie, ja. Ag hulle kon seker gesien het ek is nie van my kop af of ... ! En gedurende spanopleiding was daar so half 'n sessie ... 'n dag wat 'n mens gaan spanbou tipe van ding doen het saam met die dominee ... Hulle het ons seker maar uitgekyk.

**V:** Julle spanleier was?

**A:** Beneke de Wet.

**V:** Was hy toe al reeds op Antarktika gewees?

**A:** Nee, hy was toe nog net op Gough. Toe Marion en toe Antarktika.

**V:** En was jy ook saam met Tambu Mulaudzi?

**A:** Ja.

**V:** A, oukei. Die *sealer*.

**A:** Die *sealer* wat nou ... Hy't gesê hy was Antarktika toe. Hy werk saam met John (Cooper) is dit nie?

**V:** Ja, hy werk nou by DEAT (*Department of Environmental Affairs and Tourism*)?

**A:** By DEAT; ja.

**V:** Ja, hy was nou Antarktika toe; as *Conservation Officer*. Nou met hierdie spanvoorbereiding, het julle mekaar redelik goed leer ken?

**A:** Jong, die spanopleiding is maar net 2 weke, jy weet. Mens ... As jy eers op die eiland is ... Mense verander; nie verander 'n bietjie nie, maar daar kom ander goed in hulle na vore, so ... Van die ouens het toe op die ou end minder oor die weggekom. Maar ... Ja, mens leer hulle nie rêrig ken nie.

**V:** Vertel bietjie iets van die vaart af. Kan jy onthou wie was julle skeepskaptein?

**A:** O nee ... Ek was helfde van die tyd siek, anyways, so ek het nie eers ... Ek dink ek het een dag op die skip geëet! So ek het nie eers rondgeloop, niks nie.

**V:** En toe julle nou aankom op Marion en jy sien die geboue vir die eerste keer, en die ou spanlede vir die eerste keer, watse indruk het jy gekry?

**A:** Ek het gedink dis baie *cool*. Jis, ek was so opgewonde en ... Jy weet; kom hierso, sien hulle dra *t-shirts* – ons het sulke dik baadjies aan; hulle is nou al klaar geakklimatiseer en ... Nee, ek was baie opgewonde. Ek kon nie eintlik wag dat die skip weer moes vertrek nie, dat ons alleen op die eiland kan bly nie!

**V:** Ja, want dit was 'n redelike groterige span wat saam met julle daar was?

**A:** Ja-nee, daar was 80 mense op die eiland of iets; ja. Joe, dit was baie; dit was nogal *crowded*.

**V:** En toe daai skippie nou vertrek?

**A:** Toe dink ek 'tja, dankie tog!'

**V:** Is dit die gevoel wat mens kry?!

**A:** Ja.

**V:** Was daar 'n tipe van 'n oorname, 'n oorgee?

**A:** Dit was 'n maand wat almal mos nou daar gebly het.

**V:** Maar was daar iewers toe so half 'n seremonie waar ... ?

**A:** Ja, daar was so 'n seremonie ...

**V:** **...** waar die nuwe basis ... die ou basis ...?

**A:** Ja. Die een span teken oor na die ander span; na die nuwe span toe.

**V:** En was dit soos 'n seremonie, of ... ?

**A:** Ja. Dit was half ... Ek kan nie veel onthou daarvan nie, hoor. Maar dit was so seremonietjie; ja. Ek onthou ons ... wat noem jy die ou wat die hele ding lei? Die ...

**V:** *DCO*? Of die *Officer in Charge* ...

**A:** Ja. Ek dink amper sy naam was Kobus of ietsie, maar ek dink hy's oorlede ... Ek dink hy't ietsie oorhandig – 'n sertifikaat of *something*... Natuurlik die ou span kry mos nou presente om dankie te sê vir die jaar wat hulle daar was.

**V:** O, oukei. En toe's die skip nou weg, en julle is nou daar agter. Hoe was jou daaglikse lewe? Vertel bietjie wat is die dag in die lewe van 'n veldassistent.

**A:** Wel, eerstens: dit hang af of die weer goed of sleg is. As die weer goed is, dan gaan mens uit veld toe; as die weer sleg is, dan bly mens maar in die basis. En as mens werk het in die *lab*, dan gaan doen jy maar die werk. Dit hang af van persoon toe persoon. Ek het gehou daarvan om nog steeds vroeg op te staan – aguur of so ietsie; dan staan ek maar op en dan gaan werk ek. Van die ander mense slaap tot twaalfuur, maar dan werk hulle tot twaalfuur die nag tipe van ding, jy weet. So as jy nou veld toe gaan, dan probeer jy mos maar so vroeg as moontlik gaan, en doen jou veldwerk – soms is dit 'n 2- of 3-uur lange stap soontoe; dan kom ons maar weer terug, en dan ... En in die aand kuier mens maar; kyk 'n video, en kook en eet en so aan.

**V:** Tussen die basispersoneel en die veldpersoneel, was daar soms – omdat dit twee verskillende werke is – was daar soms wrywing sou jy sê?

**A:** Nee ... Nee, nie op 'n gebied van 'julle kan altyd veld toe gaan en ons sit die heeltyd in die basis' ... Daar was ander onderstrominge wat meer rassisties van aard was, jy weet. Maar dit was nie rêrig ... Dit het nie regtig te doen met veldwerkers en basispersoneel nie.

**V:** So as daar konflik was op die basis, waaroor het dit gegaan?

**A:** Ag, jy weet ... Beneke wat die leier was, en as hy nou sê jy moet dit só doen en só doen, en dan hou die ander mense nie daarvan nie en ... Jy weet, dis maar die reëls. Maar daar moet reëls wees; dis maar basiese reëls wat mens moet nakom. En ag, as iemand nou aangelê het by 'n meisie en sy't nie daarvan gehou nie ...

**V:** Hoe het dit gewerk? Julle was 6 meisies en 6 ouens, so ...

**A:** Ja, die ding is, uit die 6 ouens was 2 blankes en 4 swartes.

**V:** Ja.

**A:** En die meisies was net blanke meisies; 6 blanke meisies. So dit het soms gebeur dat van die swart ouens aanlê het by die blanke meisies, en dan was daar 'n bietjie konflik en praat-praat-praat-praat ... Ja, sulke tipe goed ... ! Ja, maar ... Almal se (?) het toe reggekom later. Ek dink party ... Hier teen die einde het van die mense nie meer met die spanleier gepraat nie; hulle het hom net geïgnoreer. Hulle kon nou nie daaroor kom nie.

**V:** Oukei. Toe die *Summer Survey*-mense kom ... Wanneer het hulle gekom?

**A:** Hulle was êrens in Desember dink ek. Ek weet oor Kersfees was hulle daar. Wel, ons het Kersfees saam met met hulle gevier. Ek kan nie onthou presies nie ... Dit was einde-Desember rond. En ek dink hulle was vir 10 dae daar, en ...

**V:** En hoe was dit? Want julle was toe al ‘n tydjie alleen gewees ...

**A:** Ja, dit was nie baie lekker nie eintlik, hoor. Want toe kom hulle daar aan en neem die basis oor, en toe moes ons nou ons kamers ontruim en goed oordra. Oukei, daar’s genoeg kamers, maar nou moet jy half ... En toe kom daar ‘n kok – ek dink daar was ‘n kok wat saamgekom het, ‘n chef – wat toe ewe skielik kook, en toe kan ons nie meer in die kombuis kom en sommer ons eie goed gaan haal en eet en so aan nie, want toe’s daar nou die reëls ... Maar dis darem net vir 10 dae. Maar toe hulle nou loop, toe’s nou eintlik weer bly.

**V:** Hoe groot was die *Summer Survey* gewees?

**A:** Daar was 40 mense.

**V:** So dit was ‘n redelik inval?

**A:** Ja. Hulle het baie tyd in die hutte spandeer. Maar nog steeds; daar’s nog steeds ekstra mense.

**V:** Insluitende jou *supervisor*? Het dié ook afgekom?

**A:** Nee, hy het nie. Nee, dit was net mense wat die voëls kom tel het, jy weet.

**V:** Peter Ryan en John Cooper-hulle en daai mense?

**A:** Daai mense, ja.

**V:** Oor die hutte gepraat ... Moes jy baie uitgaan en in die hutte oornag en so?

**A:** Ja.

**V:** En hoe’s dit?

**A:** Lekker! Dis nogal iets anderster.

**V:** Wat maak dit lekker?

**A:** Man, ek weet nie. Net om weg te kom van die basis af en ... Ag jy weet, die hutkos ... Dis ‘n heel ander ... Jy’s basies in die natuur. Jy hoor die voëls en die robbe in die nag en ... Ag, net om as jy nou byvoorbeeld 8 ure gestap het en jy kom by die hut aan – dis soos ‘n lafenis; dis iets wat jou hys.

**V:** (Lag.)

**A:** Ja!

**V:** En enige besondere *favourite* hut?

**A:** Ja, ek het baie tyd by Mixed Pickle spandeer, want dis waar ons veldwerk sites was. So ek sal maar sê dit was my *favourite*.

**V:** Saam met wie het jy gewerk by Mixed Pickle?

**A:** Ek en Wilna Wilkenson. Maar ek dink nie jy gaan haar kry nie; ek dink sy sit in Egipte ... of so plek, waar sy skubalesse aanbied ... ek weet nie wat nie!

**V:** Was sy nie betrokke gewees met die Franse ... Was sy weer op die eiland gewees daarna?

**A:** Sy was weer op die eiland, ja; 'n jaar na die tyd.

**V:** En dis toe die Franse vliegtuig daar neergestort het?

**A:** Ja, ek dink so; ja. Ek dink sy was toe daar. Want sy't net vir 6 maande gegaan die volgende jaar.

**V:** Moes sy werk nog klaarmaak, of wat?

**A:** Ja, sy moes nog van my werk klaarmaak.

**V:** Oukei. Nou, ek wil nou nog steeds weet, wat doen jy fisies? Kan jy so half die proses van veldwerk verduidelik?

**A:** Kyk, ons veldwerk het uit verskillende dele bestaan. Eerstens moes ons nou gegaan het ... Kyk, ons het op hierdie *Azorella* gewerk, die kussingplante, op spesifieke dele, en dan moes jy nou hierdie plante eers uit*map*, sê 1:2 of ... dan moet mens nou foto's neem van alles. En dan moet jy nou dit meet. En dan later het mens 'n *core sample* gevat, waar jy 'n deel vat van die plant en dan terugvat basis toe en dan die myte daar uitkry. En dan moes ons ook *theodolite* werk doen, waar ons presiese koördinate van elke plant gemeet het. So dit was 'n ... 'n Mens moet maar mooi uitwerk wanneer doen mens wat. In die winter ons nou eintlik niks gedoen het nie, want dit was permanent onder sneeu; of dit was onder sneeu, die plante. Dan gaan jy hulle nie sien nie, *anyway*. So ons het maar eintlik eers hier Augustus, September dink ek, het ons die grootste deel van die werk begin doen. En dan het mems maar net uitgegaan of foto's geneem, die *core samples* gevat ...

**V:** Nou wat doen 'n mens as jy nie kan veldwerk doen nie?

**A:** Ja wel, ek het baie leeswerk saamgevat, artikels en so aan, en so lank begin my literatuurstudie skryf en ... Maar as 'n mens nou nie dít doen nie, dan gesels jy met die mense in die basis, kyk video's ... Jy sal verbaas wees hoe vinnig gaan die tyd verby!

**V:** Is dit?! En het julle internetkonneksie toe al gehad?

**A:** Ja, ons het. Maar dit was vrek stadig. Dit was eintlik meer 'n frustrasie om daarop te gaan, as om ... Maar ons kon *e-mail* stuur darem.

**V:** So jy moes *e-mail* stuur aan jou *supervisors* en so aan?

**A:** Ja. Elke maand was daar 'n maandelikse verslag van wat jy gedoen het en so aan ... En elke maand moes ek haar bel ook.

**V:** Nou wat het jy die meeste gemis toe jy op die eiland was?

**A:** Gewone klere. Ek het te min van my eie klere saam gevat. O, mens raak later moeg vir *overalls*! En ag, ek dink stokperdjiegoed, jy weet, soos party mense het kralerywerk saamgevat en sulke tipe goed, net om ons so bietjie meer besig te hou. En verskeidenheid van sê maar ... Want jy't nou jou 12 buisies Aquafresh-tandepaste gekoop vir die jaar ... en dan raak mens moeg daarvoor! En dan's dit nou maar dit!

**V:** Het julle ... Moes julle julle eie drank koop?

**A:** Ja.

**V:** So julle moes julle eie krat afstuur?

**A:** Ja. Ek het nie baie drank gekoop nie; ek dink ons het nog R800 gekry; toelaag vir die drank en sigarette. En party mense het baie drank gekoop, maar ons het baie *sponsors* ook gekry, so eintlik het ek baie drank gehad, wat ek uitgedeel het vir *skivvy*-werk! Wyn, as jy die badkamers vir my skoonmaak vandag!

**V:** So daar is maar 'n tipe van 'n Marion-eiland ekonomie gewees?

**A:** *Exactly*! Ja!

**V:** En aan die ander kant, wat het jy gemis toe jy terugkom Suid-Afrika toe?

**A:** Jy't nie die stilte ... Toe ek terugkom, die eerste ding wat my opgeval het, is alles is so haastig. Weet, daar was nie wiele op die eiland nie, so jy stap orals. Dan kom jy terug en hier klim jy in 'n kar en [enjingeluid] daar gaan jy! Jy jaag 120 km per uur. Dit was vir my nogal 'n aanpassing. En net om weer als te sluit en alles weg te pak. En die geraas die heeltyd. Jy weet, Marion is so stil; dis natuurlik. En ag, nee alles hier was net so 'n gejaag. Op Marion het jy jou eie tyd.

**V:** Hoe belangrik sou jy sê is Marion-eiland vir wetenskap?

**A:** Nee, ek dink dis baie belangrik. Omdat dit soos 'n eksperiment half op sy eie is, en daar's geen ander ... Daar's niks besoedeling nie, of die mens se impak word tot die minimum beperk. Ek dink dis 'n baie goeie, half natuurlike laboratorie. En natuurlik, ek weet nie hoeveel studente het al hulle Meesters- en Doktorsgrade daar gekry nie, wat basies daar opgelei word in 'n natuurlike omgewing nie. So ek dink dis baie belangrik.

**V:** Hoe voel jy oor toerisme op die eiland?

**A:** Nee, ek sal nie daarvan hou nie.

**V:** Hoekom nie?

**A:** Nee, nee; hulle sal alles kom staan en vertrap daarso. Want ek onthou, Wilna het ... die volgende jaar toe gaan sy af met 'n toerisme-plot – 'n klomp voëlkykers was

daarop, en hulle het ... Hulle kon nie afklim op Marion nie; ek dink hulle was op pad Antarktika toe om die een of ander voël te gaan kyk, en hulle het rondom Marion gevaar, maar hulle mag nie afgeklim het nie. Hulle het net met verkykers gekyk, en hulle het weer vir Wilna afgelaai en verder gegaan. Maar ek dink as mens daar groot groepe toeriste op daai eiland ... Dit ... Hoe gaan mens kan verhoed dat daar enige indringerspesies kan opkom? Jy kan nie almal laat *boots* skrop en hulle moet almal deur hulle kamerasakke kyk en ... Ek weet nie.

**V:** Ja, dit is nogal 'n proses.

**A:** Dis 'n groot proses, ja.

**V:** En Marion-eiland vir Suid-Afrika? Dink jy dis belangrik om 'n basis daar aan te hou?

**A:** Ja-nee, ek dink so.

**V:** Hoekom?

**A:** Nee, ek dink daar word baie waardevolle navorsing gedoen. Hierdie nuwe ding, klimaatsverandering, dit word baie goed daar gesien, so ... Nee, ek dink Suid-Afrika is aan die voorpunt van navorsing op eilande. En internasionale besoekers wil baie graag ... of ja, internasionale wetenskaplikes kom baie graag Marion toe.

**V:** Het júlle internasionale wetenskaplikes saam met julle gehad, of iemand van 'n ander land op die span?

**A:** Nie op die span nie, nee.

**V:** Het daar mense op die eiland gekom wat van 'n ander land was?

**A:** Ja, soos met *takeover* was daar 'n paar. Ek weet Niek Gremmen, van Nederland.

**V:** O, oukei. Maar hy was al ...

**A:** Hy was 'n hele paar keer al daar.

**V:** Het hy enige opmerkings gemaak oor hoe die eiland lyk of verander het dalk?

**A:** Hy't net gesê daar's nie meer sneeu nie. Dis besig om warmer te word. Ek dink nie ... Ek kan nie onthou dat hy iets anderste gesê het nie. Wie was nog daar ... ? Dan was daar 'n Sandra McInnes wat ook eenkeer saam met ons was. Sy't op sulke piepklein goggas gewerk wat sy ... ek weet nie of sy dit ooit gekry hét nie!

**V:** Was julle ooit na die binneland toe gewees op soek na miet?

**A:** Ja kyk, meeste van die *Azorella* kom maar op hoër hoogtes voor, so ek het nie baie by die kus gewerk nie. So Katedraalkrans was ons baie gewees ...

**V:** Was daar toe 'n hut gewees oo Katedraalkrans?

**A:** Ja. Ek weet Nico het nog in 'n tentjie daar geslaap! Nico Avenant.

**V:** Koud ... ?!

**A:** Ja!

**V:** Die basislewe, het julle ooit groot verjaarsdae gehou, Midwinterfees ... ?

**A:** Ja, ons het nogal groot daarop gegaan. Ja, verjaarsdae ... ek weet nie of julle weet van die bal-en-ketting wat jy op jou verjaarsdag moet aansit nie?

**V:** Nee; vertel.

**A:** Dis soos *ball and chain* – sulke groot ...

**V:** Om jou enkel?

**A:** Daai dag doen jy niks werk nie! Jy sit in jou kamer met 'n bal-en-ketting aan!

**V:** O?!

**A:** Ja!

**V:** Waar sou dit vandaan gekom het?

**A:** Ek weet nie. Dit was net daar, in die stoor.

**V:** Ek hoop darem hulle het 'n sleutel gehad?

**A:** Nee, hulle het darem 'n sleutel gehad; ja!

**V:** En Maid Marion; het julle 'n Maid Marion gehad?

**A:** Nee, ons het nie 'n Maid Marion gehad nie. Nee. Ag, dit sou nie gehelp het as net 2 ouens aangetrek het soos Maid Marion en die ander wou nie. En die meisies ... dis mos nou heeltemal nie die regte ding nie!

**V:** En Midwinter?

**A:** Ja-nee, toe't ons 'n groot ding gehou. Ons het begin met 'n ontbyt, 'n seerowersontbyt. En toe't ons soos 'n boeresportkompetisie gehad.

**V:** Wat doen mens dan? 'n *mire run*?!

**A:** Ja, ek dink ons het *mire runs* ...

**V:** Die eiers ... ?

**A:** ... en eiers en ... ek weet nie of ons rugby gespeel het in die *mires* nie. In elk geval, dit was so ...

**V:** En het almal deelgeneem?

**A:** Nee; nee, almal het nie deelgeneem nie, maar hulle het kom kyk darem. En die aand dink ek was daar nou soos 'n goeie ou ... mooi ete, met kerse en als so aan. En dan daarna was daar ook 'n dansery; 'n *party*. En dit was toe 'n weer-*party* – mense het aangetrek soos reën of wolke of ...

**V:** ... sonskyn ...

**A:** ... sonskyn, en ... Ja; ‘n reënboog ...

**V:** *Cumulus* wolke?!

**A:** Ja, en weerligstrale ... !

**V:** En boodskappe van ander sub-Antarktiese stasies of Antarktika?

**A:** Ek dink ons het met Antarktika, het ons elke maand of ietsie, het ons ‘n *dart*-kompetisie gehad ...

**V:** Met SANAE?

**A:** Met SANAE, ja.

**V:** En hoe was dit?

**A:** Dit was nogal *cool*, want Beneke het met die radio, weet, met die radio gekontak met hulle en gesê ‘kyk, ons het nou ‘n *bull* gegooi’; dan sê SANAE ‘ons het nou ‘n 2 gegooi’, of wat ook al ... ! Dan kyk ons nou wie wen. Maar dis maar moeilik; hoe weet jy nou die ou *crook* nie?!

**V:** Ja, ek dink die konneksie was toe nog nie goed genoeg vir Skype nie! Dat jy kon kyk nie!

**A:** Nee, beslis nie!

**V:** Jy’t gesê julle het ‘n telefoonoproep gehad so tyd of wat? Het hulle onbeperkte toegang gehad tot die telefoon?

**A:** Ja, ja. Ons kon praat soveel soos ons wil.

**V:** En was dit nog ‘n Pretoria-lyn of was dit al ‘n Kaaptad-lyn?

**A:** Nee, dit was Pretoria nog. Jy weet, die een ou het permanent op die foon gelê; ek weet nie wat was sy telefoonrekening ‘n maand nie!

**V:** O, so julle het betaal dan?

**A:** Ja.

**V:** O, oukei. Wie sou mens dan die meeste bel? Na jou vriende ... ?

**A:** Ag, ek het maar my ma-hulle gebel; soms vriende, ja.

**V:** En as mense nou hoor jy was vir ‘n jaar op Marion-eiland, hoe reageer hulle meestal?

**A:** Weet, party mense vra: “Waar is dit?” Party mense sê: “Joe, dit was seker ‘n ondervinding gewees!”

**V:** Hoe baie het jy geweet van Marion-eiland voor jy gegaan het?

**A:** Wel, nie veel. Ek het geweet van Marion-eiland, want ek weet in Standerd 8, het iemand in die biologieklas vir ons kom skyfies wys nog, en toe het ek al gedink 'joe, eendag wil ek soontoe gaan'. Maar ek het nie veel opgelees daaroor nie; ek het net geweet dis 'n koue plek. Ja.

**V:** Is dit so koud?

**A:** Ja, dis nogal koud. Die laaste *takeover* toe ek daar was – want ek was daai jaar daar, en ek het nog twee *takeovers* ook gegaan – toe dink ek 'jinne, ek weet nie of ek nog weer 'n keer hierdie koue sal kan hanteer nie!'

**V:** Wat maak werk moeilik op Marion-eiland?

**A:** Ek dink die ding dat jy moet self-dissipline hê en absoluut jouself dryf om dinge te doen. Want dis so maklik ... Jy kan die hele dag in die bed lê as jy wil; wat maak dit nou saak?

**V:** Wie sal nou weet?

**A:** Wie sal nou weet? Ja.

**V:** En wat maak dit lekker, of maklik?

**A:** Dalk ook dat jy teen jou eie tyd kan werk. Weet, jy kan vir jouself ... Daar's nie iemand wat die heeltyd oor jou skouer loer, doen jy nou werk en so aan, nie. Ja, ek dink net dat jy jou eie rooster kan uitwerk, en sê 'nou gaan ek veld toe' en gaan werk. Soms loop jy sommer net na 'n plek toe en gaan doen nie eens veldwerk nie; net om die natuur te gaan bewonder.

**V:** So het bietjie Juniorskop geklim?

**A:** Ja, baie keer!

**V:** En as mens opgaan by Katedraal, het jy ooit ... ek dink dit was toe nog Jan Smuts- en C.R. Swartpiek, geklim?

**A:** Ongelukkig het ek nie daarby uitgekom nie. Ek dink ons het êrens dalk by die voet verby geloop, onthou ek, maar ek het nooit daar opgeklim nie.

**V:** Is daar mense wat saam met jou was op die eiland wat nie regtig uit die basis uitgekom het nie?

**A:** Ja, van die mense wat die weeropnames gedoen het. Ek dink daai een ou was net eenkeer Kildalkey, en dis hoe ver hy gekom het.

**V:** Nou hoe het julle daaroor gevoel dat hulle nie rêrig uitkom nie?

**A:** Dis maar hulle eie saak of hulle wil of nie.

**V:** En julle diesel *mechanic* en dié, het hulle uitgekom?

**A:** O nee, hy het baie. Want kyk, sy meisie was op die eiland; sy was die *birder*. So ...

**V:** Hy't hard gewerk!

**A:** Hy't hard gewerk!

**V:** Was hulle in 'n verhouding voor hulle na die eiland toe is?

**A:** Nee; nee. En hy't eers na die tyd gekom. Kyk, in ons jaar was daar 'n *medevac*. So die senior *met* en die diesel *mechanic* het van die eiland afgegaan, en toe kom daar twee nuwe mense by. En toe, die diesel *mechanic* het toe begin uitgaan met die *birder*.

**V:** Hoekom was daar 'n *medevac* gewees? Was hulle al twee saam afgehaal?

**A:** Ja; ja.

**V:** Wat het gebeur?

**A:** Die diesel *mechanic* het gesê hy't 'n maagseer ontwikkel en die senior *met* het gesê hy het hartmoeilikheid gekry.

**V:** So dis wat hulle ge*sê* het? Hartmoeilikheid?

**A:** Ja. Maar dis ook dalk goed, want toe breek ons *boiler*; toe wil ons warmwater nie meer werk nie. En ek dink daar was iets fout met die yskaste, toe kom die skip maar in elk geval; kom haal die mense en maak die goed vir ons reg. En toe vat hulle vir hulle.

**V:** Toe bring hulle weer vir julle nuwe mense.

**A:** Ja.

**V:** Hoe't dit gewerk? Watter maand was dit omtrent?

**A:** Dit was êrens in die winter gewees; Junie, Julie, daar rond. Want ons waterpype het gevries en toe sukkel ons diesel *mechanic* om die goed weer reg te kry; en toe breek die *boiler* en ...

**V:** Toe kry hy 'n maagseer ...

**A:** 'n Maagseer ... ! Maar hy was nie lekker deel van die span nie *anyway*. Hy was nie ...

**V:** ... Nie 'n spanmens nie ...

**A:** Nie 'n spanmens nie.

**V:** En hoe't dit toe nou met die nuwe twee mense ... Klink my hulle het redelik aangepas?

**A:** Ja. Maar kyk, die diesel *mechanic* – Aldo; Aldo Strumpher – hy was al op die eiland. En hy was ook Gough ook. So hy het die opset heeltemal geken.

**V:** En die senior *met*?

**A:** Die senior *met*, hy was ook al op die eiland.

**V:** Wie was dit gewees?

**A:** David [Sepekha] ... 'n swart outjie ... David ... Nee, ek kan nou glad nie sy van onthou nie.

**V:** Maar die *met* wat af was, dit was eintlik goed vir die span gewees?

**A:** Ja.

**V:** Dat hy weg is?

**A:** Ja. Ja-nee, daai ou het ons maar 'n bietjie moeilikheid gegee.

**V:** Beneke, moes hy maar die besluit maak om vir hulle te sê 'hoor hier, hierdie mense..?

**A:** Ja, ja. Hy en die *medic* het maar saam besluit.

**V:** Wie was die *medic*?

**A:** Liezl Wiesner.

**V:** O, so dit was 'n vroue-*medic*?

**A:** Ja.

**V:** Nou was daar ooit geleenthede waar julle as vroue ... wat daar dalk 'n vroue/mans onderskeid was? Of nie in daai opsig ... ?

**A:** Nee, nie eintlik nie.

**V:** Daar's nie van julle verwag om soms mooi aan te trek of sulke goed te doen nie?

**A:** (Nee.)

**V:** Wóú julle dit soms doen?

**A:** Ja, weet ons het ... Ek dink dit was nogal met Liezl, ander Liezl, se verjaarsdagpartytjie, het ons 'n damestee gehad, en die mans was nie genooi nie! En toe't ons rokkies aangetrek en *make-up* opgesit en ... ! Maar ag nee, later toe doen ons dit nou maar in elk geval!

**V:** En die kosmaak, hoe't dit gewerk? Moes julle toe ook saam kosmaak?

**A:** Ja, elke ou het 'n beurt gehad, ja; om in die aand kos te maak.

**V:** Julle het seker meer uitgesien na party mense se kos as na ander mense?

**A:** Ja ... Jy weet, die een ou het altyd *chicken à la king* gemaak, en later raak jy moeg daarvoor. 'n Ander ou het altyd sulke hard, verkoolde stukke *steak* gemaak ... ! *Shame*, hulle het ook maar probeer; hulle weet mos nie! En dan sewe-uur elke aand moes ons saam eet. Dit was 'n span-ding.

**V:** En Sondae, was daar enige tipe ding van julle moet nou Bybelstudie hou of so iets?

**A:** Ja, ons het; die mense wat wou het so Bybelstudie gehad; ja. Erika ... wat by Stellenbosch is?

**V:** Ja, Erica Nortjé ...

**A:** Nortjé.

**V:** O, was sý op daai span?

**A:** Ja. Sy het die Bybelstudies gelees.

**V:** Oukei. Was daar mense van ander geloofsgroepe, of uit ander geloofstradisies?

**A:** Nee ... Nee, hulle was maar almal Christene of nie-aktiewe Christene.

**V:** Ja. Dis hoekom ek nou vra, so half uit 'n tradisie uit; nie noodwendig self gelowing nie. ... Beskryf Marion-eiland.

**A:** Beskryf Marion-eiland?

**V:** Ja.

**A:** Joe! Hoe?! Die eiland?!

**V:** Nes jy wil. Soos wat beteken dit vir jou?

**A:** Ja, dit ... Wel, die hele ervaring het my hele lewe verander. Dit was rêrig ... Ek kan dit omtrent nie beskryf nie. Dit was só lekker, en dit het my rêrig geleer; my sterk gemaak. Want soms moet jy maar net vasbyt; jy kry koud of jy's moeg; jy kan nie meer loop nie; jou rugsak is swaar. En dan kom jy agter eintlik hoe sterk mens is. En hoe ver jy jouself kan dryf. Marion self is 'n baie mooi plek en onder by die kus is dit mooi groen, maar ek hou meeste van die berge, waar die rooi ... die rooiberge en die swart ... die lawa en die sneeu op die swart lawa ... Dis alles ... dis pragtig.

**V:** Watter persoonlikheidseienskappe sal jy sê moet 'n mens hê om 'n jaar Marion toe te kan gaan?

**A:** Wel, jy moet self-gedissiplineerd wees en beslis in 'n span kan werk van 'n multikulturele agtergrond. En dit het my ook nogal baie geleer, want ek kom uit 'n Afrikaanse, blanke universiteit nog af, die Universiteit van die Vrystaat, en hier kom jy hier by Marion; jy moet eintlik half meer Engels praat, want party mense verstaan nie Afrikaans nie; en dis multikultureel – jy leer 'n hele ander kultuur, weet. Van ek teruggekom het, kom ek agter nee, ek kom beter met hulle oor die weg en as ek weet daar is Engelse mense in die groep, en die mense praat Afrikaans, dan voel ek joe, praat nou maar eerder Engels, want hierdie mense verstaan nie. Maar party ander mense voel nie so nie; hulle gaan maar net aan in Afrikaans en die mense verstaan hulle nie.

**V:** Maar jy sou sê op Marion was jy in 'n situasie gewees waar jy met mense sosiaal verkeer het wat jy nie noodwendig anders mee in aanraking sou wees nie?

**A:** Ja. Nee, glad nie.

**V:** En dit het jou vorentoe ook gehelp?

**A:** Ja, menseverhoudings het dit baie gehelp.

**V:** So sou jy dit aanbeveel vir jong wetenskaplikes om te gaan?

**A:** Ja, beslis. Dit leer jou rêrig om hard te werk, ja; om op jou eie te werk.

**V:** So dis nie 'n eilandvakansie nie?!

**A:** Nee, dis glad nie 'n eilandvakansie nie! Behalwe as jy dink 'n Antarktiese eiland is 'n eilandvakansie! Beneke het altyd gesê Gough is die eilandvakansie, want dis nie so koud nie!

**V:** O, so bietjie oor Beneke ... Watter soort leier was hy gewees?

**A:** Hy was vir my 'n baie goeie leier; ja. Nee, hy't ook nie ... Ek dink hy het baie geleer met ... Hy was op Gough en toe was ... Wie was die eerste vroue-leier daarso? Antwa ... Antoinette ... ?

**V:** Daar was 'n Antwa gewees ...

**A:** Antwa; ja. En ek dink hy het baie geleer uit wat sý gedoen het; hulle's baie goeie vriende. So ek dink hy het baie ondervinding gehad.

**V:** So wat maak 'n goeie leier van so span?

**A:** Hy moet almal in ag neem. Jy weet, hy kon nie net sê 'jy doen dit só en klaar' nie, jy weet. Ander mense in ag neem oor wat hulle opinies is ... En verder ... Ek weet nie; hy was vir my 'n baie goeie spanleier. Hy was 'n *team player*, jy weet, en hy't 'n sin vir humor gehad; hy was nie kwaai of so nie.

**V:** Oukei. Net 'n laaste ding oor die *medevac* ... Toe die *medevac*-mense nou kom, kon julle ekstra klere of pos of iets vra?

**A:** Ja, ja; vinnig, vinnig het ons ouers vir ons ietsie afgestuur.

**V:** Lekker.

**A:** Ja, dis net jammer; toe hulle kom, toe dink ons maar ons ken nou al vir die DOW-mense, jy weet – o, ons het lekker saamge*party* – en toe hulle kom, toe dink ons hulle sal ten minste so 2, 3 dae bly. Jong, bring die mense; maak die yskas reg ... Die aand, toe sê die kaptein 'die weer raak sleg; julle beter nou terugkom'. Toe kan ons nie hulle met die helikopter terugvlieg nie; toe moet hulle op 'n bootjie ... !

**V:** So daar was van die DOW-mense wat julle goed leer ken het?

**A:** Ja.

**V:** Enige name?

**A:** Wat was die ou se naam ... ? Avells [?]. Ek weet nie eens wat hulle van is nie ...

**V:** Of byname, dit maak nie saak nie?

**A:** Ja, dit was Avells [?]; dan was daar ‘n Wessie – Wessie van der Westhuizen. En dis nou wat ek kan onthou.

**V:** En toe’s jy weer vir twee oornames daar. Was oornames, toe jy nou teruggaan eiland toe, was dit baie anders gewees; die gevoel wat mens kry?

**A:** Nee, dit was soos om by die huis te kom.

**V:** Is dit?

**A:** Ja. Maar dis net nie meer jóú huis nie, maar dit voel soos om by die huis te kom; ja.

**V:** En toe daai skip nou terugkom, watter soort gevoelens het mens as jy nou ‘n jaar daar was en hier kom met die oorname, met die volgende span wat nou kom?

**A:** Die volgende span kom ... Die reël is as hulle eers daar is, dan wil jy eintlik net huis toe gaan, want dan voel jy dis nie meer jou huis nie; die mense kom neem jou huis oor. En dan’s mens nou eintlik reg om huis toe te gaan, weet. En dan kom jou *supervisors* ook saam, en dan moet jy rekenskap gee van wat jy die hele jaar gedoen het ... ! Dis soos oordeelsdag!

**V:** (Lag.) Oukei, baie dankie. Enigiets wat jy wil byvoeg?

**A:** Ek onthou toe ek daar gekom het; jinne, mens moet so fiks wees eintlik, né. Toe ek daar aankom, dan loop Steven ... Tom, Dick en Harry, dis nie eens ver van die basis af nie, en ek moes agterna ... Moeg, né! Hulle trek al dáár; dan hardloop hulle so teen die bult! Maar ek het gaan oefen. Ek het geloop – Tom, Dick en Harry toe en terug! Juniors op en terug; Juniors op en terug – net om fiks te word. Want anders maak dit die werk vir mens soveel moeiliker.

**V:** So was jy fiks gewees toe jy terugkom?

**A:** Ja, ek dink nogal so; ja. En ons moes *core samples* vat; daai *core samples* is swaar. Dan vat mens so 70 op ‘n slag;  joe, dan weeg mens se rugsak so 20 kg.

**V:** Joe!

**A:** Ja, dan moet mens so 8 ure lank loop, weet. Dis ... ‘n Mens raak nogal fiks, ja.

**V:** Die *sealers* raak seker ook lekker fiks ...

**A:** Die ... ?

**V:** Die *sealers*.

**A:** Joe! Die *sealers* en die *birders*. En ons het net een *sealer* gehad en een *birder*, so hulle moes al die werk doen. Dit was Tambu en Sam Peterson; ja.

**V:** Oor die *sealer* ... Oukei, daar was nou net een *sealer*, maar het jy ooit die gevoel gekry die *sealers* het so half ‘n spesiale status op die eiland?

**A:** Nee, nie eintlik nie. Maar dalk omdat daar net een was. En ag, ons het baie vir Tambu gaan help om robbe te weeg en so. Ons moes vir Sam gaan help om voëls te weeg, want dit kan sy ook nie alleen doen nie!

**V:** Oukei, maar baie dankie, Lizel; ons waardeer dit baie.

**A:** Groot plesier!

**END VAN TRANSKRIPSIE**